

DIVIDENDEBELASTING

Wat is nuut?

- **13 Junie 2017 - Dividendebelastingtabelle - opsomming van DTA-koerse**

'n Opdateerde opsomming van die terughoubelastingkoerse ingevolge die Suid-Afrikaanse dubbele belastingooreenkomste, wat tans van krag is (Afrika en die res van die wêreld), gepubliseer.

- **09 Maart 2017 - Dividendbelasting - uitklaardokument vir dividendbelasting - verandering in belastingkoers**

Die interpretasienotas bevat in hierdie dokument is van toepassing op die BRS getiteld/weergawe "SARS_External BRS_2014_Dividends Tax_v2.0.1-6" met intredingsdatum 1 Maart 2015. Hierdie dokument is 'n opsomming van die wetlike verandering met verwysing na die verhoogde belastingkoers vir opgawes verskuldig teen einde Maart 2017.

Neem kennis: Hierdie uitklaringsdokument is effektief vir opgawes verskuldig teen einde Maart 2017. SARS se toetsplatform sal opdateer wees vanaf 13 Maart 2017.

Wat is dividendbelasting?

Dividendbelasting is 'n belasting op aandeelhouders (voordelige eienaars) wanneer dividende aan hulle uitbetaal word en, onder normale omstandighede, teruggehou word van hulle dividend-uitbetaling deur 'n terughou-agent (of die maatskappy wat die dividende uitbetaal of, waar 'n geregleerde tussenganger betrokke is, deur laasgenoemde). 'n Dividend is wesenlik enige uitbetaling deur 'n maatskappy aan 'n aandeelhouer vir 'n aandeel in sodanige maatskappy, uitsluitend die teruggawe van belastingkapitaal bygedra (d.i. teenwaarde ontvang deur 'n maatskappy vir die uitreik van aandele). Dit word veroorsaak deur die betaling van 'n dividend deur enige:

- Suid-Afrikaanse belasting-inwonende maatskappy; of
- Buitelandse maatskappy wat se aandele op 'n Suid-Afrikaanse beurs gelys is.

Dividendbetalings deur hoofkantoormaatskappye is nie aan dividendbelasting onderhewig nie.

Dividendbelasting het STC (sekondêre belasting op maatskappye) vervang in 'n poging om:

- Suid-Afrika in ooreenstemming met die internasionale norm te bring, waarin die ontvanger van die dividend, nie die maatskappy wat dit uitbetaal nie, aanspreeklik is vir die belasting (Suid-Afrika was een van min lande met 'n korporatiewe vlak belasting op dividende, soos STC)
- Suid-Afrika 'n meer aanloklike bestemming vir internasionale belegging te maak deur die persepsie van 'n hoër maatskappye-belastingkoers uit te skakel (STC is 'n addisionele maatskappye-belasting) gekoppel aan laer boekwinste [STC moes ingereken word in die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat)].

Sommige begunstigde eienaars van dividende is geregtig op 'n vrystelling (plaaslike en/of buitelandse persone) of 'n verminderde tarief (buitelandse persone) ingevolge die dividendbelastingstelsel, ingevolge waarvan dividende deur hulle ontvang ingevolge die STC-stelsel, ten volle belas was op die maatskappy wat die dividend verklaar.

Wie moet dit betaal?

Dividendbelasting is betaalbaar deur die begunstigde eienaar van die dividend, maar word teruggehou van die dividend-uitbetaling en aan SARS oorbetaal deur die terughou-agent. Die persoon aanspreeklik vir die belasting bly egter oplaas verantwoordelik om die belasting te betaal sou die terughou-agent versuim om die korrekte bedrag oor te betaal. 'n Uitsondering op hierdie algemene beginsel, is waar 'n dividend bestaan uit 'n verdeling van 'n bate in spesie (in die onderhawige geval), wat tot gevolg het dat die belastingaanspreeklikheid op die maatskappy val (soos met STC), wat beteken dat dit nie die belasting van die dividend-uitbetaling mag terughou nie.

Hoeveel sal betaal word?

Die dividendbelastingkoers het gestyg van 15% tot 20% vir enige dividend betaal op of na 22 Februarie 2017 (ongeaag van die datum van verklaring), tensy 'n vrystelling of verminderde tarief van toepassing is.

'n Opsomming van die terughoubelastingkoerse ingevolge die Suid-Afrikaanse dubbele belastingooreenkomste wat tans van krag is, is in twee gedeel, Afrika en die res van die wêreld. Verwys na die twee blaaie oor die dividendebelastingtabelle - opsomming van DTA-koerse.

Wanneer moet dit betaal word?

Dividendebelasting is van toepassing op enige dividend verklaar en betaal vanaf 1 April 2012, en die terughou-agent (of die maatskappy of die gereguleerde tussenganger) moet die teruggehoue belasting aan SARS oorbetaal op of voor die laaste dag van die maand wat volg op die maand waarin die dividend uitbetaal was. Dividendebelastingbetalings moet deur 'n opgawe (DTR01/02) vergesel wees. Boetes en rente kan gehef word vir laat betalings van dividendebelasting of die laat indiening van dividendebelastingopgawes.

Watter stappe moet ek volg?

As 'n aandeelhouer (hetsy in 'n maatskappy wat 'n inwoner van Suid-Afrika is of in 'n buitelandse maatskappy waarvan die aandele op 'n Suid-Afrikaanse beurs gelys is) sal jy aanspreeklik word vir die dividendebelasting wanneer 'n dividend aan jou uitbetaal word. Hoewel die toepaslike terughou-agent die belasting sal moet terughou en aan SARS oorbetaal. Die terughou-agent moet ook die vereiste verklaring- en ondernemingsvorm(s) vir voltooiing aan jou stuur indien jy vir enige vrystellings of 'n verminderde koers, ingevolge 'n DTA (slegs buitelandse inwoners), wil kwalifiseer. Die voltooide vorm moet aan die terughou-agent gestuur word voordat dit die dividendbetaling kan vrystel of terughou teen 'n verminderde koers.

Top wenk: Baie terughou-agente het hierdie verklaringsvorme by hul rekening-stigtingsprosesse geïnkorporeer, so dit is nie nodig om dit op 'n latere stadium te doen nie. Sou enige materiële aspek van sodanige verklaring verander, is dit die plig van die begunstigde eienaar om die terughou-agent daarvan te verwittig.

Wat is die verskil tussen dividendebelasting en sekondêre belasting op maatskappye?

Die hoofsaaklike verskil is in wie vir die belasting aanspreeklik is. Dividendebelasting is 'n belasting gehef op aandeelhouers wanneer hulle dividende ontvang, teenoor STC wat 'n belasting is op maatskappye en gehef op die verklaring van dividende. Daar is geen oorvleueling tussen STC en dividendebelasting nie. Indien 'n dividend verklaar was voor 1 April 2012 (ongegag van die eintlike betalingsdatum) was dit aan STC onderhewig. Slegs waar die dividend verklaar en betaal was op of na 1 April 2012, sal dit aan dividendbelasting onderhewig wees.